*Saterdag* **10**

**SKRIFGEDEELTE: RIGTERS 13**
**FOKUSGEDEELTE: RIGTERS 13:3-5**

## Simson – Die Here verwag van ons volkome toewyding

Die Here verwag van Israel volgehoue toewyding. Hulle was egter van nature sondaars, net soos ons vandag. Hy gee toe die nasireër as voorbeeld van toewyding vir die volk. Die Hebreeuse woord "nazir" beteken om afgesonder te wees.

Simson was soos Samuel en Johannes die Doper 'n permanente nasireër. Volgens Numeri 6:1-21 moes 'n nasireër aan bepaalde vereistes voldoen. Hy mag niks van die wingerdstok eet of drink nie. Wyn was die simbool van 'n sabbatsrus en dus 'n herstelde verhouding met die Here. (Vgl. Noag plant 'n wingerd; die volk is God se wingerd in Jes. 5; Jesus is die ware wingerdstok; wyn by die nagmaal.) Die nasireër se hare is sy "nazir" genoem. Dieselfde woord is ook deur die Israeliete vir die ongesnoeide wingerd van die sabbatsjaar gebruik. So is albei, die hare sowel as die wingerd wat wild groei, simbole van volkome toewyding aan die Here. Die nasireër moes ook nie met 'n dooie in aanraking kom nie. Dood is die vloek as gevolg van die sonde.

Simson is enersyds aan God gewy, maar andersyds verpersoonlik hy die volk wat afdwaal en hulleself met die heidene ontheilig. Jesus Christus moes kom. Hy moes in volle toewyding kom lewe.

Uit onsself kan ons nie in toewyding aan God lewe nie. Ons moet in Christus lewe. Met die nagmaalwyn bevestig ons hierdie eenheid met Christus en met mekaar as mense wat in volle toewyding aan God lewe.

*Sing: Psalm 23:1, 3*

*Dr. DJ (Danie) de Kock (Krokodilrivier)*